

12 November 2020

Beste ds Carstens,

Ek rig hierdie skrywe aan u met die hoop dat u dit goed sal vind om dit net so aan ons gemeentelede sowel as ander medegelowiges daarbuite beskikbaar te maak.

U preek Sondag uit Lukas 12 met die eenvoudige formule ter illustrasie van “ruimte” sowel as die Bestuursraad- vergadering gehou op 26 Oktober het direkte verwysing. U sal onthou hoe ons geswoeg het om te kan kom by moontlike modelle en idees oor hoe om die gemeente se FINANSIËLE begroting te laat klop onder die huidige moeilike omstandighede. In ons geval bevind ons onself nou waar ons byna R800 000,00 (agttien honderd duisend rand) minder moet begroot as wat ons voorheen onder “normale” omstandighede sou gedoen het! In Overkruin se geval lewer die eenvoudige formule dus ‘n groot “negatief” as ons kyk na wat ons realistiese “bronne” teenoor ons beoogde uitgawes behoort te wees onder ideale omstandighede.

Eenvoudige formule:



Omdat dit realisties so is dat ons noodwendig eerste moet sorg vir die statutêre uitgawes uit die begroting is dit dan juis by ons UITREIK- aksies waar die nood die HEEL GROOTSTE is as ons moet besnoei. Julle as leraars en kantoorpersoneel is gewillig om geen verhogings te aanvaar nie; meer nog, julle is bereid om salaris verminderings te aanvaar! MAAR, is dit dan nie juis hier waar ons moet weet dat ons die Here kan vertrou om vir ons te voorsien vir alles wat Hy weet ons in Sy GROOT naam wil doen nie?? Sal Hy weier om te voorsien vir al ons projekte (...en meer) as ons opreg vra?

Die nood is hoog by Jakaranda Kinderhuis en wel by altwee huise (16 en 19) wat ons ondersteun; kerspakkies, klere, toiletware, skool- en skryfbehoeftes word benodig. By Jan Niemandpark is daar groot behoefte aan kos, Kobus het noue kontak met ds. Danie en lewer gereeld vir hulle voorrade af, maar die druk en nood is baie groter as die beskikbare voorrade. Net so by Margaretha Ackerman Tehuis is die behoeftes massief; toiletware, kerspakkies, klere, soooo baie is nodig. Covid-19 het ongelooflike negatiewe reperkussies op “normale” fondsinsamelings metodes soos bv. basaars vir baie van die instansies gehad.

Die sokkombuis waar ongelooflik baie mense ‘n maaltyd ontvang het is hard getref en ook by Ralie- hulle is daar ‘n onsekerheid oor die toekoms en voortsetting al dan nie. Die Wolmerbediening word op baie vlakke geraak, Marlene kon in die tyd nie

haar gewone werksklasse hou nie, maar het steeds voortgegaan om telefoniese navrae te hanteer. Die naskool sorggroep kon wel vir van die kinders van voedselpakkies voorsien, maar die nood is baie groter as waarvoor daar tans voorsiening is. By die lees-en skryfklas berig Nettie hulle dat hulle eers weer in 2021 sal begin met klasse maar dat daar steeds werk is wat gedoen kan en moet word. Die kersfunksies wat jaarliks by die verkeie kinderhuise aangebied word is onder geweldige druk, hier waar dit die tyd van die jaar is vir vreugde staar baie klein kindertjies honger en ernstige tekort in die oë. Daar gaan gepoog word om weer (binne die perke van die wet) jaareinde en kersparyjies vir kinders te hou, maar daarvoor is geld en geskenke nodig, op 'n baie wye gebied binne en buite die grense van ons gemeente. Net so is die behoefte by die Daspoort en Wonderboom CMR ongelooflik groot, finansieële hulp uit baie oorde het opgedroog en ons gemeente MOET net eenvoudig probeer help!

EN DIT IS NIE AL NIE!!!!

Ons gemeentede is ongelooflik vrygewig om hand op te steek wanneer die nood hoog is en ons kan telkemale daarvan getuig; nou onlangs weer met die nood vir die boere gedurende die brande in die Vrystaat en Noordwes. Durf ons dan nou weer pleit: HELP ONS ASSEBLIEF sodat ons dit wat die heel belangrikste is kan doen, naamlik dat ons kan uitrek na waar daar groot nood in ons nabye omgewing is?? Ek dink die antwoord is JA, ons mag pleit, help ons asseblief, want ons weet die Here sorg menigvuldig keer meer vir ons wanneer ons uit ons POSITIEWE balanse wat ons uit sy groot GENADE ontvang ook deel met hulle wat net eenvoudig nie het nie!!

Die Here weet ook hoe sorgvuldig die Overkruin Finansiële Kommissie, die Bestuursraad en ook die Gemeenteraad met die geld omgaan wat Sy kinders skenk en mense kan gerus wees dat elke sent wat hulle gee nood sal verlig, anders as in sekere ander “kerke” waarvan ons ook hoor en lees. As die Here dan nou op ons harte druk om na aanleiding van hierdie skrywe en u boodskap Sondag juis nou beursies wyd oop te maak, dan weet ons dat die Here ons SAL seën. Dr. Petrus het by ons vergadering juis gesê, ja, daar is baie mense wat bly gee en gereeld gee, en weet u, dit is reg en goed so, want die behoeftes van hulle waar ons die nood verlig is nie “eenmalig” nie, nee, dit is inderdaad permanent en gaan nooit weg nie, inteendeel, dit word net groter! Dankie vir u boodskap Sondag, dankie dat u dit maklik gemaak het om hierdie brief te skryf!

Groete in sy GROOT naam,  
Deon Pagel  
Voorsitter:  
Kommunikasiekommissie

